NOTULE VAN DIE U.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN
OP DINSDAG 11 OKTOBER 1960.

Ds. J. Fourie open die vergadering met gebed.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voorsitter); Ds. J.J. Fourie; Die Alg. Sendingsekretaris, Ds. D.S. Snyman; Dr. J. Cronje en die Org. Sendingsekretaris, Ds. W.R. de Kock.

Dr. J. Cronje word baie hartlik welkom geheet.

B U I T E L A N D .

1. SAKE VOORTVLOEIENDE UIT VORIGE NOTULE:

2. RUSHUIS BLOEMFONTEIN REGLEMENT U.K./2.

Die Reglement word voor die vergadering gelê. Enige veranderings word aan die hand gedoen en vir finale afronding aan die Alg. Sendingsekretaris opgedra.

3. KONSEPREGLEMENT - BOEKWINKEL (R. PAG. 4/16).

Word verwys na die eersvolgende S.A.S.K. vergadering.

4. RADIOVERBINDINGE (R. PAG. 5/24.)

Hierdie saak word aan die Algemene Sendingsekretaris opgedra vir verdere inligting.

5. BESOEK LERAAR VAN ONS KERK INSAKE KONFERENSIE N.R.

Sekretaris deel mee dat Prof. H.D.A. du Toit ingewillig het om hierdie Konferensie te lei.

Met dank word hiervan kennis geneem.

6. PERMANENTE BOUHEER.

Die Sekretaris doen verslag in verband hiermee dat geen persoon tot nou toe kon gevind word nie.

7. MOTORTOELAE SENDINGPERSONEEL (U.K. PAG. 2/15).

Hierdie saak staan oor tot die eersvolgende S.A.S.K. vergaderi

8. BADENHORST TREKKERS (U.K. PAG. 2/82).

Staan oor tot volgende U.K. vergadering.

9. TOELAAG SUSTER STOFFBERG VIR VERVOER PASIENTE TE KAMOTO NA FORT JAMESON.

Staan oor tot eersvolgende S.A.S.K. vergadering.

10. £1000 SENDINGPERS MKHOMA GESTORT (R.60/19 (iii) S.A.S.K. '60 (R.K./3.)

Onderhandelinge is nog aan die gang in verband hiermee.

11. INSAKE GROND VIR WEESKINDERS (R.K./5):

Aan die hand word gedoen dat Witkop aan die Inheemse Kerk geskenk word met die gedagte dat verdienstelike lidmate vir die Kerk daarop 'n verblyf sal gegee word

2/.....

VERTEENWOORDIGING OP S.A.S.K.:

In verband hiermee word daarop gewys dat in dat in die S.A.S.K. notule van Augustus 1960 besluit No. 25 verander moet word sodat die woorde „Inheemse Kerk" sal lees „Die Sending".

VERSOEK WESTELIKE RAAD OM IN N.R. DIE WERK OOR TE DOEN.

„Oor" word ook in S.A.S.K. Notule Aug. 1960 No. 87 in bogenoemde gesien.

PERSONEEL TEOLOGIESE SKOOL (R. '60/46. S.A.S.K. '60/23). (R.K. /17).

Die besluit dat die personeel van die Teologiese Skool nie uitgebrei sal word nie, het uit die notule van die Augustus S.A.S.K. geval.

AANKOOP VRAGMOTOR MELAATSE KOLONIE (R.K. /22.)

Hierdie versoek word goedgekeur.

MEUBELS HUIS HOOF TEOLOGIESE SKOOL R.K. /26.

Goedgekeur dat sekere meubels behorende aan Dr. J. Cronje vir die Huis van die Hoof van die Teologiese Skool, Madzimoyo aangekoop word.

PLASINGS EN VERPLASINGS (R.K. /31 (1, 2, 3, 4).

Goedgekeur.

8. VERLOFTYE (R.K. /32.)

'n Brief van waardering word aan Ds. en Mevr. Bolink gerig at vanwee die drukke bouprogram 'n jaar langer in die Sendingveld al bly voordat hulle met verlof na die Unie sal vertrek.

9. HULP 20 DOGTERS KAMOTO (R. '60/75, S.A.S.K. '60/24, R.K./33).

Die vergadering handhaaf die besluit van die S.A.S.K. op sy Aug. 1960 vergadering geneem.

10. OPENING NORMAALSKOOL SERENJE.

Dit word goedgekeur dat mnr. A. Miles, Mnr. Botha namens die Sending die opening sal bywoon soos voorgestel deur die Sending Raad (.R.K. '34).

21 BEGROTING OPVOEDKUNDIGE DEPARTEMENT (R. '60/(98) S.A.S.K.). '60/47, R.K./37)

Hierdie begroting is goedgekeur deur die S.A.S.K. vir Aug. Ongelukkig het die besluit in verband hiermee uit die Augustus Notule uitgeval wat bepaal dat die begroting goedgekeur word met 'n 25% besnoeiing op deel wat die Sending moet stort.

22. ONKOSTE SENDINGPERSONEEL I/S MEDISYNE (.RK. /54.)

Na die onlangse verhoging van salarisse van die personeel sal die Mediesefondse aan ewend word vir ernsitge gevalle wat hoë koste meebring.

23. DR. EN MEVR. J. CRONJE:

Die Voorsitter spreek sy spyt uit dat Dr. en Mevr. Cronje om gesondheidsredes die Sendingveld moet verlaat na 23 jaar van getroue en toegewyde diens. Hy verseker hulle van die hoë waardering van die Sending Kommissie in die besonder en die Kerk in die Algemeen en wil vertrou dat die Meester hulle in hul nuwe sfeer van werksaamhede in die Transvaal baie kennelik sal seën en gebruik. Dr. Cronje antwoord gepas.